# JEUG ALPHA: Sessie 3: Hoekom het Jesus gesterf?

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. YSBREKER: Hoekom speletjie

- Kinders word in 2 groepe gedeel.
- Elke groep maak 2 sirkels, grootte buite om en een binne.
- Kinders beantwoord die "hoekom" vrae aan die maat voor hom/haar.

## 3. <u>PROCESS YSBREKER</u>:

- Daar is verskillende tipes : Hoekom?" vrae, party is sommer lekker simpel en ander is baie belangrik.
- Vandag gaan ons bietjie stilstaan by een baie belangrike " hoekom?" vraag. Hoekom moes Jesus sterf?

## 4. <u>INLEIDING</u>:

Deel vir elke groep `n afskrif van die prentjie van die vier dames uit. Kinders moet die prentjie bestudeer en sê watter een nie pas nie.

Dame 1 – hang man earings
Dame 2 - pêrel halssnoer
Dame 3 – elektriese stoel oorbelle
Dame 4 – kruis om die nek

Die een wat nie pas nie, is natuurlik die een met die pêrelhalssnoer. - Sy is die enigste een wat nie 'n instrument van dood of mishandeling as juweelstuk dra nie.

Hoekom is dit dat `n instrument van mishandeling en tergstelling die algemeenste simbool van die Christelike geloof is? - Hoekom is die kruis die hart van die Christelike geloof?

1 Kor 2:2 – "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde."

## 5. <u>VIDEO CLIP</u>: Episode 3 – Why did Jesus die?

**<u>Vrae tydens die video clip</u>**: (hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**<u>Vraag 1</u>**: What is the best or worst thing ever made?
(*Wat is die beste of slegste ding wat ooit gemaak is?)*

**<u>Vraag 2</u>**: How do you see sin in the world around you?
(*Hoe sien jy sonde in die wêreld om jou?)*

- Waar sien jy boosheid by jou skool, in jou stad en in die wêreld?
- Hoe het sonde jou al persoonlik geraak?

**<u>Vraag 3</u>***:* What does forgiveness mean to you?

(Wat beteken vergifnis vir jou?)

- Dink aan ‘n tyd toe jy iemand moes vergewe. Hoekom het jy hulle vergewe?
- Hoekom dink jy die boodskap van vergifnis is so belangrik, en so deel van die christelike geloof?

## 6. DEMONSTRASIE:

- `n Demostrasie word gedoen om die effek van sonde in ons verhouding met God te
- demonstreer.
- Iemand trek ‘n wit t-hemp aan – dan word daar allerhande souse op die t-hemp gesmeer om dit vuil te maak.
- Iemand anders word dan gevra om die persoon ‘n drukkie te kom gee – wat hy/sy natuurlik nie wil doen nie, want die t-hemp is vuil.
- Dan word die persoon ‘n skoon t-hemp gegee om aan te trek

### 6.1 Die Probleem :

- God het die wêreld en alles daarin perfek gemaak.
- Hy het ons as mens perfek gemaak, sodat ons `n verhouding met Hom kan hê.
- Maar toe kom satan en ons almal weet wat met Adam en Eva gebeur het.
- Ons as mens het sonde begin doen, sonde het `n skeiding tussen ons en God veroorsaak.

### 6.2 Die Oplossing:

- God het aan `n oplossing gedink, Hy het sy enigste Seun as mens aarde toe gestuur om vir ons sonde te kom sterf.
- Jesus het hier op aarde `n perfekte , sondelose lewe gelei.
- Jesus het aan die kruis gesterf in ons plek. Ja, ons as mens moes eintlik op daai kruis gesterf het.
- Jesus het jou en my sonde geneem en die skuld daarvoor betaal.

### 6.3 Die Resultaat:

- Jesus staan nou tussen ons en God, as ons Hom aanvaar in ons lewens.
- Jesus het gesterwe en na drie dae opgestaan , sodat elkeen van ons die ewige lewe kan hê.
- As ons erken dat Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en om vergifnis vra vir die sondes wat ons gedoen het, kan ons begin om God werklik te leer ken en `n verhouding met Hom hê.

## 7. VRAE OM OOR TE DINK: Hoekom moes Jesus sterf?

- Hoe voel jy oor die idee dat God `n verhouding met jou wil hê?
- Verstaan jy hoe die dood van Jesus aan die kruis die probleem wat sonde veroorsaak het oplos?
- Hoe voel jy oor die idee dat Jesus so ‘n afgryslike dood aan die kruis moes sterf, sodat jou en my sonde vergewe kan word?
- Dink jy dat om `n verhouding met God te hê iets positiefs is?

## 8. OPSOMMING:

- God het elkeen van ons ontsaglik lief en wil baie graag met ons elkeen `n persoonlike verhouding hê.
- As jy die enigste mens in die wêreld was, sou Jesus nog steeds vir jou gesterf het? (Gal 2:2 – "God het sy liefde aan my bewys deur sy lewe vir my af te lê")
- As ons erken dat Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en omverskoning vra vir die sondes wat ons gedoen het, kan ons begin om God werklik te leer ken en `n opregte verhouding met Hom hê.

## 9. <u>Sluit af met gebed in die kleingroepe</u>